# Hier is jou kans om 'n GEPUBLISEERDE SKRYWER te word

## Sanlam Prys vir Jeuglektuur 2017

**Reëls:**

1. Die wedstryd word in ses kategorieë aan-gebied: Afrikaans, Engels, Nguni-tale, Sotho-tale, Tshivenda en Xitsonga.
2. Daar is twee pryse in elke kategorie op die spel:
   **Goud: R12 000**
   **Silwer: R 6 000**
3. Vereistes: Die verhaal moet geskik wees vir jong lesers (tussen 12 en 18 jaar). Lengte: ten minste 25 000 woorde.
4. Tafelberg onderneem om die wenromans te publiseer en behou ook die eerste opsie om enige van die ander inskrywings te publiseer.
5. Terwyl inskrywings onder oorweging is, mag hulle nie elders voorgelê word vir publikasie totdat Tafelberg skriftelik bevestig het dat hulle nie gepubliseer sal word nie.
6. Die beoordelaars behou die reg voor om een of meer pryse agterweë te hou indien die gehalte van die inskrywings nie op peil is nie.
7. Die wedstryd is slegs vir burgers van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swazi-land oop.
8. Inskrywings moet óf op A4-velle getik of uitge-druk wees, óf per e-pos gestuur word na die adres onder (15). In albei gevalle moet inskrywings breë kantlyne en bladsynommers hê.
9. Inskrywings word streng anoniem beoordeel. Skrywers word dus gevra om seker te maak dat hul naam slegs op die titelblad van die inskrywing verskyn en nêrens elders nie.
10. Elke inskrywing moet vergesel word van 'n getekende inskrywingsvorm (of afdruk daarvan).
11. Deelnemers mag nie onder 'n skuilnaam in-skryf nie. Skrywers mag as medeskrywers deelneem.
12. Deelnemers word versoek om afskrifte van hul manuskripte te hou. Die organiseerders kan nie finale verantwoordelikheid aanvaar vir verlore inskrywings nie, of gedrukte manuskripte aan skrywers terugstuur na beoordeling nie.
13. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen gesprek of korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.
14. **Sluitingsdatum:** 7 Oktober 2016.
15. **Navrae:** Earl Basson, Posbus 879, Kaapstad 8000
    **telefoon:** (021) 406-3412
    **faks:** (021) 406-3812
    **e-pos:** Earl.Basson@nb.co.za

Sanlam en Tafelberg wil jou help om 'n jeugboek te skryf! Besoek ons opwindende sosialemedia-veldtog "250 Woorde per dag" en skakel met gesoute skrywers wat jou met skryfwenke en raad sal inspireer. . .
http://bit.ly/SanlamYouth

Sanlam Tafelberg

ME./MEV./MNR./DR./PROF. ..........................................................................................
VOLLE NAME: ..........................................................................................
ADRES: ..........................................................................................
.......................................................................................... POSKODE: ................
IDENTITEITSNOMMER: ..........................................................................................
TELEFOON: H .......................................... W ................................................ Sel ........................................
E-POS (INDIEN ENIGE): ..........................................................................................
TITEL VAN INSKRYWING: ..........................................................................................
TAAL VAN INSKRYWING: ..........................................................................................
OMVANG (AANTAL WOORDE) VAN INSKRYWING: ..........................................................................................
WAAR HET JY VAN HIERDIE KOMPETISIE GEHOOR?..........................................................................................

Hiermee verklaar ek dat ek 'n burger is van (omkring soos toepaslik) Suid-Afrika/Namibië/Botswana/Lesotho/Swaziland, dat my inskrywing my eie werk is, oorspronklik is en nog nooit voorheen gepubliseer is nie en dat ek bogenoemde reëls aanvaar en daarby sal hou.

HANDTEKENING: ..........................................................................................

Stuur saam met u inskrywing aan: Die Organiseerder, Sanlam-prys vir Jeuglektuur 2017, Posbus 879, Kaapstad 8000/Earl.Basson@nb.co.za